**REEKS:** Jakobus
**TEMA:** Deel 3

## SOU JY JOUSELF AS RYK BESKOU?

***Jakobus het vier kerntemas:***

1. *Beproewings en versoekings.*
2. *Geloof en werke.*
3. *Die Beheer van ons tonge en woorde.*
4. *Om verantwoordelik ryk te wees.*

## VERANTWOORDELIK RYK

“'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug dat hy sy aansien
in God het, en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan
soos 'n veldblom. As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die
plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen.
So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan.”
***Jakobus 1:9-11 (AFR83)***

1. ***Ons aansien lê nie in rykdom en besittings nie.***

“Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees
in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou
van die besmetting van die wêreld.”
***Jakobus 1:27 (AFR83)***

2. ***Ons moet barmhartig wees.***

“Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.”
**Matteus 5:7 (AFR83)**

“Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê:
Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.”
***Handelinge 20:35b (AFR83)***

“Sê nou daar kom in julle samekoms 'n man in met goue ringe
aan sy vingers en met deftige klere aan en daar kom ook 'n brandarm man
in met ou klere aan, en sê nou julle maak 'n ophef van die man met die
deftige klere en julle sê vir hom: “Kom sit u hier gemaklik,” maar vir die arm man
sê julle: “Gaan staan jy daar anderkant” of: “Kom sit hier by my voete,”
het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van
verkeerde oorwegings beoordeel nie?”
***Jakobus 2:2-4 (AFR83)***

3. ***Almal is beelddraers van God.***

## VIP (VERY IMPORTANT PERSON)

“Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak.” Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.” Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd.”

***Jakobus 4:13-16 (AFR83)***

4. ***Ons is afhanklik van God.***

“Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.”

***Deuteronomium 8:17-18a (AFR83)***

“Julle rykdom sal tot niet gaan en julle klere sal deur motte opgevreet word, julle goud en silwer sal verroes. Die roes sal teen julle getuig en aan julle vreet soos 'n vuur. Julle maak skatte bymekaar, en dit terwyl dit die laaste dae is.”

***Jakobus 5:2-3 (AFR83)***

“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.”

***Matteus 6:19-21 (AFR83)***

“Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.”

***Spreuke 3:9-10 (AFR83)***

***Hoe is ek verantwoordelik ryk?***

- *Ek laat nie toe dat geld my status of gebrek aan status bepaal nie.*
- *Ek tree verantwoordelik op teenoor hulle wat nood het.*
- *Ek besef dat alles van God kom.*
- *Ek gee my deel vir God.*